Jou Christus-familie se nuusdiens met nuus vir diens ~ www.ngcaledon.co.za

Dankdiens

Sondag 18 Okt

09:30

Gelei deur
Ds. Dewald du Toit

Gevolg deur
Kategeses Skattejag

Dagboek

17 Okt - Heidehof Basaar

18 Okt - Braai & Skattejag in veldblomtuin

22 Okt - Dagbestuur-vergadering

23 Okt - Skole sluit

26 - 31 Okt - Kersmark

8 Nov - Nagmaal & Belydenisaflegging

NG KERK CALEDON
Moedergemeente
Tel: 028 212 1202
E-pos:
ngkcaledon@twk.co.za

Dank in die Overberg

12 maande gelede het ons kerk 'n kalender vir 2020 saamgestel. Met die verloop van die 2020ste jaar, nadat God Sy Seun uit genade gestuur het, het ons beleef dat soveel dinge op die kalender verander. Dinge waaroor ons baie min tot geen beheer gehad het nie. Ons het 'n virus beleef, wat deur 'n dier van Afrika aan mense in China oorgedra is. Na hierdie amper nietige feit het ons hele wêreld tot 'n stilstand geruk (soos 'n ou Lister enjin) toe die Chinese die virus en nie die dier nie, die wêreld ingestuur het. Ons is geleer dat ons nou onsself moet beskerm teen 'n komende dood wat ons geen beheer oor het nie. Ons beskerming is hande was en sosiale afstand. Maskers het later toe ook bygekom. En hier is ons nou. Uitgelewer aan myself, met skoon hande en toe gesigte op 'n goeie afstand van my buurman.

Maar dis nie die einde van die jaar nie! In die jaar beleef ons hoop en liefde want ons weet ons lewens is in God se hand en ons kan ons gesonde verstand gebruik om wel nie mekaar in gevaar te stel nie. Ons beleef God se standvastigheid wanneer ons dankie kom sê aan ons Verlosser. Hierdie dankbaarheid vir lewe uit God se hand, verander my manier van dink oor selfbeskerming.

365 dae terug het ons gesê ons roeping is om God se hoop en liefde aan te gee.

Deur al die veranderinge kan ons dit steeds doen.

Deur alles wat ons harte ontstel kan ons hierdie direkte roeping steeds uitvoer. Ek kan my buurman raaksien en ook self raakgesien word. Ek kan dankie sê vir genade wat ek reeds ontvang het. God gee Sy genade aan al 10 melaatses in Luk.17. God trek dit dan ook nie weer terug as 9 van die 10 nie dankbaarheid kom betoon nie.

Ons kan as God se kinders in Caledon ons genade uit God se hand raaksien en vandag kom sê DANKIE.

Dankie dat U ons eerste lief gehad het, dankie dat ons lewens in U hand is, dankie dat U ons versorg.

Hierdie is 'n **dankdag in die Overberg** wat ons nie koppel aan die gedagte dat God ons eers moet seën en dan sal ons bepaal hoe groot ons dank gaan wees nie. Nee, ons kom na God toe en sê dankie vir die feit **dat ek genade onverdiend ontvang het** van my geboorte dag af.

Geniet die week in dankbaarheid. Leef in jou roeping!

Groete, Dewald

Caledongemeente

Ons gee God se hoop en liefde aan

Dankdiens in die Overberg

Preeknota's: 18 Oktober 2020

Ds Dewald du Toit

In die lied *O, Heer my God,* sing ons:

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.

Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.

O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles.

En U sorg dag na dag vir my, u kind.

Ons sien God. Dis die eenkant van die munt sou Calvyn gesê het. God wat versorg. God wat skep. God wat genade gee al verdien ons dit nie.

Die anderkant van die munt is wanneer ek myself sien. My plek voor God. My lewe voor God.

Waar ek myself bevind *sonder* God?

Godskennis en selfkennis kom na vore tydens 'n dankgeleentheid. **Ons besef weer waarvoor ons bloot net kan (moet) dankie sê.**

Dis wat ons vandag gaan doen: Ons gaan God dank deur na 4 lewensareas te kyk.

⇒ **Die wêreld in geheel** – God se koninkryk is die een kant en hoe ons dit versorg is die ander kant.
⇒ **Die land waar jy leef** – God se hand in ons land se geskiedenis en ons getuienis wat nodig is vir die toekoms van die land.
⇒ **Die dorp waar ons tans is** – waar is daar hoop en liefde wat ons in Caledon kan ontvang en aangee.
⇒ **My huis** – hoe sê ek in my huis dat ek die Here gaan dien as gehoorsame kind van God.

Al die aspekte kom bymekaar in die manier hoe ons dankbaarheid betoon.

Preke is Sondae vanaf 07:00 beskikbaar op Youtube. Skakel in deur te gaan na:

www.ngcaledon.co.za/preke

of jy kan direk na ons YouTube kanaal **gaan 'Caledon NG'**

www.youtube.com

Veels geluk aan almal wat gedurende die week verjaar!

Verjaar	Noemnaam	Van	Kortadres	Landlyn	Selfoon
10/18	Elnora	Crous	Jongensklipplaas		
10/18	Edward	Morgan	Leliestraat 12	028 212 1256	27844029554
10/18	Avah	Schultz			
10/18	Arina	Swart	Drievlei		27760485822
10/19	Burtie	Coetzee	J&F Woonstel 2	028 214 1232	
10/19	Koppie	Van Straaten	Hillside	028 2121 886	
10/20	Ben Louis	Fourie	Hoopstraat 9B.	028 2121 050 (w)	27833308049
10/20	Louis	Fourie	Hoopstraat 9A	028 212 2225	27834093151
10/20	Francina	Otto	Prins Alfred Weg 4		27846819215
10/20	Dana	Steenkamp	Colleweg 16 A	028 214 1421	27827752513
10/20	Lianke	Swart	De Hoek	083 226 3670	
10/21	Suzette	Fouché			
10/21	Jan Hendrik	Van Straaten	Hillside	028 2121 886	27834443538
10/23	Neil	De Beer	Metcalfweg 15		27718634503
10/23	Tanja	De Kock	Ruigtevlei	028 212 2562	27827118811
10/24	Robyn	Fourie	Hoopstraat 9B.	028 2121 050 (w)	27824134186
10/24	Petru	Matthee	Kerkstraat 5	028 212 2604	27729576867

****

Heidehof Basaar

17 Oktober 2020 om 09:00 in die kerksaal

Neem kennis!

Belydenisaflegging en Nagmaal skuif na 8 November

Kategese afsluiting skuif na 22 November

Kategese

Datums vir November:

- 8 Nov - Kategese gaan voort
- 15 Nov - Kategese gaan voort
- 22 Nov - Kategese Afsluiting

Baie dankie aan ons kategetespan van 2020. Ons begin voorberei en regmaak vir 2021 se jaar wat voorlê. In die verband kort ons **twee kategete**. Een vir Graad 7 en een vir Graad 8. Kontak asb. die kantoor indien u graag betrokke wil raak.

Ons wil ook solank aan ons gesinne 'n belangrike invalshoek voorhou wat deur die Grendeltyd baie sterk na vore gekom het: **Geloofsvorming by kinders begin by die ouerhuis**. (doopbelofte)

Dus gaan ons in 2021 ons gesinne ondersteun om saam te groei in hul geloof.

Ons gaan boeke beskikbaar stel, wat te koop gaan wees, by die jaargroepe sodat ouers presies kan sien waaroor hulle met hulle kinders kan gesels. Ons is baie ope-wonde om 'n goeie verhouding met ons ouers en hulle kinders te bou en so mekaar te help in ons geloofsvorming.

18 Oktober - Braai en Skattejag

Ons kategese klassies kom direk na kerk eers bymekaar en dan beweeg ons natuurtuin toe ná kategese.

- Bring en braai begin 11:30 – vure sal dan reeds reg wees.
- Bring eetgerei en braaigoed (ons gaan koeldrank en koek ook uitdeel)
- Stoele of komberse vir heerlike piekniek kan ook top wees.

- Skattejag begin ook 11:30
- Kom sommer met jou gemaklike klere ook na die Dankdiens 9:30 by ons kerk.
- SIEN JOU DAAR!

Algemeen

2020 VERTALING BYBELS NOU BESKIKBAAR!

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is baie opgewonde om die 2020 Bybelvertaling bekend te stel. Dit is beskikbaar vanaf 19 Oktober.

Plaas u bestelling by die kerkkantoor of stuur ‘n whatsapp na die kantoor se selfoon (072 807 3192). Naam, van, tipe Bybel en bewys van betaling

voor 9 November.

PRODUKKENMERKE

- Volledige Bybel
- Mediumgrootte
- Swart hardeband
- Voorwoord, kruisverwysings, voetnote, verantwoording, woordelys en kaarte

Prys R129



PRODUKKENMERKE

- Volledige Bybel
- Mediumgrootte
- Luukse bruin verwerte leerband
- Goud-op-snee, dumindeks en merklint
- Voorwoord, kruisverwysings, voetnote, verantwoording, woordelys en kaarte

Prys R329

Wêreldvoedseldag - 16 Oktober 2020

Hoeveel van ons doen ons dankgebed aan etenstafel *mindful*? As jy deur die wuiwende koringlande in die Swartland of die goudgeel canolalande in die Overberg ry, raak dit mens baie diep om die kosmandjies weer so vol in die Wes-Kaap te sien. Op 16 Oktober word ons aandag gevestig op meer volhoubare landboupraktyke asook die impak van voedseltekorte in ons agtergeblewe gemeenskappe. Maar waar kom hierdie idee vandaan? Hoekom is dit belangrik? En wat kan ons hieromtrent doen? Lees meer wat ons Groen Span se Dewald Hoffmann hieroor skryf.

Caledon Kersmark 26 – 31 Okt 2020

Vanaf 26-31 Oktober 2020 is dit weer tyd vir die jaarlikse, gewilde Caledon Kersmark. Die mark vind plaas by die NG Kerksaal in Caledon. Pragtige geskenkies en heerlike eetgoed sal te koop

Ons het jou hulp nodig !

Waar kan jy help: toesighou, kasregister, inkopies inpak, in die kombuis, kelner, kontroleerders om te kyk of die tafels vol gepak is ens.

Kontak asseblief vir Chrisna Delport by 082 944 4505 om jou hulp aan te bied.

Caledongemeente

Ons gee God se hoop en liefde aan

PIENK VIR HOOP

CANSA vra van ons ondersteuning aan ons kankerpasiënte deur die sigbaarheid van PIENK lap.

Die pienk lap getuig van ons meelewing en simpatie teenoor hulle wat met kanker gediagnoseer is.

In die maand van Oktober gee ons spesiale aandag aan alle pasiënte wat met enige tipe kanker gediagnoseer is. Die pienk lap wat HOOP verteenwoordig vir die onbekende, kan oral sigbaar gemaak word, bv heinings, boomstamme, selfs, as jy wil, jou voertuig! Dankie vir die geleentheid om dit aan die kruis van die kerk te gebruik.